



# My Verjaarsdag

is spesiaal vir jou geskryf

(Kind se naam)

(Spesiale boodskap)

(Van : "Naam")

Die Hangkashaas Uitgewers
www.diehangkashaas.co.za

ISBN 978-1-0672494-8-9

(Kind se naam) is 'n klein houtpoppie. Sy bly saam met haar gesin in 'n klein houthuisie in 'n dorpie met die naam (Tuisdorp).

“Môre is my verjaarsdag!”, sê (Kind se naam). “Ek kan nie wag om my geskenke oop te maak nie”, dink sy. “Wat sal daarin wees?, wonder sy.





(Kind se naam) gaan na haar mamma, (Mamma/Tannie se naam), wat besig is om iets in die kombuis te versier. “Kry mense altyd geskenke op hulle verjaarsdae?” vra (Kind se naam).

“Nee (Kind se naam),” sê sy terwyl sy die messie vol geel versiersuiker neersit. “Baie mense kry nie verjaarsdag geskenke nie. Party gesinne is te arm om geskenke te koop”.

Dit maak (Kind se naam) baie bekommerd. “Is ons te arm vir geskenke?” wonder sy.

(Kind se naam) gaan soek haar pappa, (Pappa/oom se naam). Sy dink: “Ek wonder watse geskenke ek gaan kry”.

(Kind se naam) kry haar pappa in die slaapkamer, besig om iets onder die bed weg te steek. “Kom verjaarsdae altyd, pappa?”, vra sy.

Pappa (Pappa/oom se naam) glimlag.
“Wat bedoel jy”.
“Wat as my verjaarsdag glad nie kom nie?”. “Verjaarsdae kom altyd” antwoord hy en lag saggies.

“O, sê (Kind se naam) en glimlag breed.





(Kind se naam) gaan na die sitkamer waar haar maatjie, (maatjie se naam) TV kyk.  “Ek wonder hoeveel ure nog voordat my verjaarsdag gaan kom” dink sy.  (Kind se naam) probeer TV kyk, maar sy is te opgewonde.

“(maatjie se naam), weet jy hoeveel ure nog voordat my verjaarsdag kom?” (maatjie se naam) sit die volume sagter en antwoord.  “Ek weet nie regtig hoeveel ure nie maar ek weet dit is binnekort” se sy.

(Kind se naam) wonder wat “binnekort” beteken.  “Moenie bekommerd wees nie, jy hoef net te wag tot die son weer uitkom”, antwoord (maatjie se naam).


“Hoekom kan ek nie vandag al verjaar nie?”  wonder (Kind se naam). “Ek weet wie om te vra, (Ouma se noemnaam)!”.

(Ouma se noemnaam) sit buite, besig om iets pers te brei. “Wat brei (Ouma se noemnaam)?” vra (Kind se naam) nuuskierig.

“Iets snoesig en warm vir iemand spesiaal”, glimlag sy. “O”, sê sy sonder om regtig te luister.







"Ek wou (Ouma se noemnaam) iets vra, maar nou het ek so bietjie vergeet", (Kind se naam) krap haar koppie. "O ja, nou onthou ek. Hoekom kan ek nie vandag of sommer elke dag verjaar nie?"

(Ouma se noemnaam) dink terwyl sy brei.

"Ons almal is net een keer gebore, en ons verjaarsdag herinner ons aan daardie spesiale dag van die jaar waarop ons gebore is."

"O", sê (Kind se naam). "So my verjaarsdag sal altyd op (Verjaarsdag datum) wees?"

"Dis reg my skatjie", antwoord (Ouma se noemnaam).

Uiteindelik is dit etenstyd.  (Kind se naam) se gesin sit om die groot tafel in die eetkamer.

Sy skep 'n worsie en groen ertjies op met haar vurkie.  “Sal mamma my asseblief môre oggend vroeg wakker maak?”.

“Natuurlik”, antwoord sy.







(Kind se naam) eet 'n stukkie worsie. Nuuskierig vra sy, “Het diere ook verjaarsdae?”.

“Diere het ook verjaarsdae as ons net weet op watter dag hulle gebore is soos byvoorbeeld (Naam van Troeteldier). Die probleem is as ons hulle nie van kleins af het nie weet ons nie watter dag dit is nie” antwoord haar pappa.

“Maar diere mag nie koek eet nie, reg?”.
“Nee, soetgoed is nie goed vir hulle nie” beaam hy.

“O”, sê (Kind se naam) tevrede.

Na ete borsel (Kind se naam) haar tande. Sy dink: “Môre is my verjaarsdag”.  Sy spoel haar mond uit en bêre haar tandeborsel.

Dit is donker buite.  (Kind se naam) wens die maan wil weggaan en die son vinniger as “binnekort” wil opkom.

Sy trek haar rooi slaapklere aan en klim in haar klein houtbedjie.





Om meer te lees, besoek gerus on webtuiste.

Onthou asb wanneer jy ‘n aanlyn boekie bestel sal die storie geskryf word volgende jou kind se unieke omstandighede. (Karakters se name word vervang met die kind se familie en vriende se name)

Kliek gerus hier om ons webtuiste te besoek